

GEMEENTE. SUPPLEMENT 14

[KERK HERSTELLENDEN BEDIENING] ENGELE EN DIE GEESTELIKE STRYD

Wat leer die Bybel ons oor engele?

God werk normaalweg deur Jesus Christus, die Heilige Gees, die Bybel, en Christene in die Kerk/Gemeente! Maar in besondere omstandighede werk God deur Sy engele. Ons gaan leer wie die engele is, in watter verhouding hulle tot Jesus Christus staan en wat hulle funksies m.b.t. Christene en nie-Christene is.

A. ENGELE

1. Die aard van engele.

Engele word 108 keer in 17 boeke van die Ou Testament en 165 keer in 17 boeke van die Nuwe Testament genoem. Die woord 'engel' (Hebreeus: mal'ak, Grieks: angelos) beteken: 'gestuurde', boodskapper, of 'gesant'.

Die engele is waarskynlik tegelyk met die hemel (universum) geskep, dus vóór de schepping van de aarde, want toe God die aarde geskep het, was die engele (of die môresterre) aanwesig (Job 38:7). Engele is deur Jesus Christus en vir Jesus Christus geskep, d.w.s., om sý doelstellings te realiseer (Kolossense 1:16; Hebreërs 1:14). Engele word ook 'seuns van God' genoem, omdat hulle deur God *geskep* is.

Christene word ook 'seuns van God' genoem, omdat hulle deur God *herskep* is (Job 1:6; Romeine 8:9-16). Maar, in Genesis 6:2 verwys die uitdrukking 'seuns van God' nie na engele nie, maar wel na gelowige mense (die nakomelinge van Set), terwyl die uitdrukking 'dogters van mense' verwys na ongelowige mense (die nakomelinge van Kaïn).

Engele is hoër as die mense in die orde van die skepping, maar laer as die mense in die orde van genade (Hebreërs 2:7,16). Engele is 'geestelike wesens' en is nie 'van vlees en bloed' nie (Hebreërs 1:14; Lukas 24:39). Engele is persone, omdat hulle kan praat, redeneer, kies en handel/optree. Engele tree nie in die huwelik nie en is dus nie manlik of vroulik nie (Markus 12:25).

2. Die getal van die engele.

Die HERE word dikwels 'die HERE van die leërskaare' (AOV) (Hebreeus: JaHWeH Tseba'ot)(Jesaja 1:9) genoem. 'Die leërskaare' is 'n verwysing na die ontelbare aantal engele rondom God se troon wat 'n deel van sy 'raad' vorm (1 Konings 22:19; Job 1:6; 15:8; Jeremia 23:18,22). Hulle besing God se lof (Job 38:7; Psalm 148:2; Lukas 2:13) en voer sy wil uit (Psalm 103:20-21).

Die Here het 'n magtige leër van engele. "Die waens van God is tien duisende, duisend maal duisende" (Psalm 68:18). Hulle is 'n oneindige groot menigte (Lukas 2:13). Jesus Christus kon sy Vader vra en Hy kon onmiddellik 12 legioen engele vir Hom beskikbaar stel ('n legioen is ongeveer 4000 tot 6000) (Matteus 26:52-53; vergelyk 2 Konings 6:17)! Wanneer Daniël en Johannes praat van 'duisende der duisende' (Daniël 7:10; Openbaring 5:11), dan praat hulle van 'n 'ontelbare aantal'.

3. Die vermoëns van engele.

Engele het 'n morele aard, omdat hulle kan kies om God te gehoorsaam of nie (2 Petrus 2:4). Engele het intelligensie, maar is *nie alwetend nie*, omdat hulle byvoorbeeld nie weet van God se verlossingsplan of die tydstip van die wederkoms van Christus nie (2 Samuel 14:17; 1 Petrus 1:11-12; Matteus 24:36). Engele kan van vreugde sing, God loof en aanbid (Jesaja 6:3; Hebreërs 12:22; Openbaring 5:11-14).

Sommige engele word voorgestel met vlerke en kan vlieg (Psalm 18:10; Openbaring 14:6). Hulle kan so vinnig soos die wind beweeg en God met die krag van vuur dien (Esegiël 1:14; Hebreërs 1:7). Maar engele is *nie alomteenwoordig nie*, omdat hulle net op één plek op 'n sekere tydstip kan wees (Daniël 9:21-23). Engele is sterker as die arrogante mense in die wêreld (2 Petrus 2:11), sterker as die demoniese vorste van lande (Daniël 10:13) en sterker as die satan self (Openbaring 20:1-3). Maar engele is *nie almagtig nie*, omdat hulle vir 'n tyd deur bese geeste weerstaan kon word (Daniël 10:12-14). Engele sien die gesig van God (Matteus 18:10) en is voorbeelde van volkome gehoorsaamheid aan God (Psalm 103:20-21; Matteus 6:10).

4. Die voorkoms van engele.

Engele is meestal onsigbaar (Kolossense 1:16), maar hulle kan ook sigbaar aan mense verskyn (Lukas 1:11). Soms lyk engele nes gewone mense (Genesis 18:1), soms is hulle geklee in blink klere (Lukas 24:4; Handelinge 1:10) en soms is hulle voorkoms ontsagwekkend en skrikaanjaend (Daniël 10:5-11,15-19). Engele kan in drome (Matteus 1:20), in visioene (Sagaria 1:8-11), maar ook in die gewone lewe (Genesis 18:1 – 19:22) verskyn. Engele verskyn tot vandag toe nog (Hebreërs 13:2)!

5. Die soorte engele.

Daar is twee soorte engele: die engele van God en die engele van die satan. Die engele van God is 'die uitverkore engele', omdat God hulle uitverkies het om nie in sonde te val nie (1 Timoteus 5:21). Hulle is heilige engele (Markus 8:38) en engele van die lig (2 Korintiërs 11:14). Hulle is "almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van dié wat die saligheid (verlossing) sal beërwe" (Hebreërs 1:14).

Die engele van die duiwel is engele wat teen God gerebelleer en gesondig het (Openbaring 12:7-9; 2 Petrus 2:4; Judas 1:6). Die bose engele vorm die leërmag van die satan (Matteus 25:41; Openbaring 12:4,9). Die bose engele is leuenaars (Johannes 8:44) en sondig sonder ophou (vergelyk 1 Johannes 3:8-10). Sommige bose engele fungeer as territoriale geeste wat 'n slegte invloed oor 'n gebied uitoefen (Daniël 10:12-14,20).

6. Die verskillende ordes van engele.

Toe Jesus Christus die engele geskep het, het Hy hulle as sigbare en onsigbare trone, heerskappye, owerhede of magte geskep (Kolossense 1:16). Hierdie woorde beskryf verskillende ordes van engele. Al hierdie verskillende ordes van engele is onderworpe aan Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel toe. Sonder Jesus Christus het engele geen mag nie (Efesiërs 1:21; 1 Petrus 3:22). Die Bybel beskryf sommige van hierdie ordes:

(1) Die gerubs.

Die gerubs is engele wat die mag, majesteit en heerlikheid van God openbaar (sigbaar maak) en die heiligheid van God bewaak in die hemel (Psalm 99:1; Esegïel 10:1-22), in sy afdaling na die aarde (Psalm 18:10), in die tuin van Eden (Genesis 3:24), in die tabernakel (Eksodus 25:18-22) en later in die tempel (1 Konings 6:27-29).

(2) Die serafs.

Die serafs is engele rondom God se troon wat God se heerlike karakter grootmaak en mense voorberei om God met ontsag te nader (Jesaja 6:1-8).

(3) Die aartsengele.

Die aartsengele is belangrik en voer die stryd teen die satan en sy bose engele. Byvoorbeeld, Migael (Daniël 10:13; Openbaring 12:7-9).

(4) Individuele engele.

'n Engel bring 'n spesiale boodskap van God aan Daniël (Daniël 9:20-23), aan Josef (Matteus 1:20-23) aan Sagaria (Lukas 1:11-20) en aan Maria (Lukas 1:26-38).

Maar geen engel ken die ewige verlossingsplan van God nie. Die profete in die Ou Testament het meer geweet as die engele. Maar alhoewel die profete iets geweet het oor Jesus Christus, het die volledige openbaring van God se verlossingsplan net deur Jesus Christus en sy apostels gekom (Hebreërs 1:1-2; 1 Petrus 1:10-12)!

(5) Die gevalle engele.

Vergelyk Handleiding 8, Supplement 13. Die satan was oorspronklik 'n beskermende gerub (Esegïel 28:15-17). Toe die satan geval het, het hy 'n groot aantal engele in sy sondeval met hom saamgesleep (Openbaring 12:4). Van toe af, was hierdie gevalle engele bekend as 'die engele van satan' (Openbaring 12:9), of 'bose geeste of demone' (Matteus 12:22-28,43-45).

Sommige gevalle engele verkondig 'n *ander evangelie* as die evangelie wat van die God van die Bybel kom en daarom is hulle en die mense wat daarin glo vervloek! Valse leraars of profete van ander godsdienste glo dat 'n engel 'n boodskap van God aan hulle gebring het. Hulle is deur 'n gevalle engel mislei en daarom ook "vervloek" (Grieks: anathema (Galasiërs 1:8; 1 Timoteus 4:1)! Valse godsdienste verwys ook na hierdie gevalle engele of bose geeste as 'gode' (1 Korintiërs 8:4-5) en aanbid hulle as 'gode' (1 Korintiërs 10:20). Die valse profeet Bileam raadpleeg hierdie 'gode' (Hebreeus: elohim) (Numeri 22:38) en beskou die godheid van Israel ook as 'n buitengewone kragtige godheid wat eers goedgunstig gestem moet word voordat 'n stroom van vervloeking teen Israel uitgespreek kan word (Numeri 23:3-4).

7. Die bediening van engele.

Die belangrikste taak van die engele is om die God van die Bybel groot te maak en te verhoog. Hulle word beskryf as engele wat rondom die troon van God staan en sy lof dag en nag besing (Daniël 7:9-10; Openbaring 5:11-14). Hulle tweede taak is om God se Woord te gehoorsaam en te doen wat God hulle beveel (Psalm 103:20-21; Matteus 6:10).

(1) Die gewone bediening van engele.

Engel is God se instrumente wat God se sorgende voorsienigheid op die aarde uitvoer. God het die hele menslike geslag (ANV: alle nasies) "uit één (bloed of mens) gemaak om op heel die aardbodem te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon (die grense van hul woongebied)" (Handelingen 17:26). Volgens Hebreërs 2:5 het God aanvanklik die sorg en beheer van die aarde aan engele toevertrou. Deuteronomium 32:8 in Hebreëus sê: "Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hul grense bepaal, soveel as wat daar engele (ANV: Israëliete) was." Die beheer van die verskillende volke is onder 'n ooreenstemmende aantal engele verdeel.

Na die val van die satan en sy engele, word hierdie engelagtige goewerneys van lande voorgestel as vyandige demoniese vorste oor vorstedomme (Daniël 10:12-14,20; vergelyk Daniël 10:21; 12:1). Die apostel Paulus noem hulle “elke mag (Grieks: archas) en gesag (Grieks: exousias),... elke gees wat heers oor hierdie sondig (duister) wêreld (Grieks: kosmokratoras tou skotous) , ... elke bose gees in die lug” (Grieks: pneumatika tés ponérias en tois epouraniois) (Efesiërs 6:12). Vóór die eerste koms van Christus het hierdie engele voor God se troon bymekaar gekom om verslag van hulle werk te doen (Job 1:6).

“Die komende wêreld” wat met die eerste koms van Christus ingelei is (vergeelyk Hebreërs 9:10), word nie langer aan die engele onderwerp nie, maar aan Jesus Christus (Hebreërs 2:5-9).

(2) Die buitengewone bediening van die engele.

Engele is God se instrumente om Christene wat die saligheid (verlossing) sal beërwe, te dien (Hebreërs 1:14). Hulle kyk na die Christene, praat met hulle, beskerm hulle, sorg vir hulle, lei hulle, versterk hulle en dra hulle ná hulle liggaamlike dood uiteindelik na God toe. Hulle is teenwoordig in die gemeente en leer van die gemeente oor die wysheid van God se plan. Hulle dra God se boodskappe en seëninge aan Christene oor, maar voer ook God se oordele uit oor die vyande.

Die handeling van engele was die opvallendste tydens die groot keerpunte in die heilsgeskiedenis.

Engele het op die voorgrond getree:

- in die dae van die patriarge (Abraham) (Genesis 19:1)
- in die dae van die wetgewer Moses (Exodus 3:2)
- gedurende die ballingskap en terugkeer van Israel (Esegiël 1).
- by die geboorte van Johannes (Lukas 1:11)
- by die geboorte van Jesus (verskyning aan Josef) (Matteus 1:20) en aan Maria (Lukas 1:26)
- by Jesus se opstanding (Matteus 28:1-7)
- en sy hemelvaart (Handelinge 1:9-11).
- in die bediening van die apostels (Handelinge 5:19).
- by die wederkoms van Christus (Matteus 24:30-31).

Deur gasvry te wees vir vreemdelinge, het sommige Christene sonder hul wete engele onderdak gebied (Hebreërs 13:2). Daar is baie berigte van nie-Christene uit die nie-Christelike godsdienste wat in hulle drome of visioene deur 'n engel besoek is en daarna hulle tot Jesus Christus as hulle Verlosser en Here bekeer het.

B. ENGELE EN JESUS CHRISTUS

1. Wie is die Engel van die HERE?

In sommige Bybelgedeeltes word die engel van die HERE (Hebreeus: malak JaHWeH) met die HERE (Hebreeus: JaHWeH) Sêlf geïdentifiseer, maar in ander Bybelgedeeltes van Hom onderskei.

(1) Die Engel van die HERE is die Openbaring van die HERE.

In Eksodus 3:2-15 verskyn die Engel van die HERE aan Moses in 'n vlam binne-in die brandende doringbos. Toe identifiseer Hy Homself as “die God van Abraham, Isak en Jakob” en openbaar sy Naam as “EK IS WAT EK IS”. Hierdie Naam beteken:

- dat dit heeltemal onmoontlik is om die wese van God te beskryf of te benoem
- dat God onveranderlik en getrou is aan sy verbond.

Hier is die Engel van die HERE die sigbare Openbaring van die HERE. Lees Johannes 1:18 en 17:6. Vergelyk die Engel van die HERE wat Homself aan God se Ou-Testamentiese volk geopenbaar het met Jesus Christus wat Homself aan God se Nuwe-Testamentiese volk geopenbaar het.

(2) Die Engel van die HERE is die Teenwoordigheid (Nabyheid) van die HERE.

In Eksodus 23:20-23 het die HERE aan Moses en Israel beloof om die Engel wat sy Naam dra vooruit te stuur om sy volk op hulle weg te beskerm en hulle veilig by die plek te bring wat Hy vir hulle voorberei het. In vers 22, is die Engel van die HERE en die HERE verwisselbare persoonlikhede, want dit sê: “As jy aandagtig luister na sy (die Engel van die HERE) stem en alles doen wat Ek (die HERE) sê, sal ...” Ook kan die Engel van die HERE sondes vergewe (vers 21), iets wat net die HERE doen (Miga 7:18-19). En die Naam van die HERE is in die binneste van die Engel van die HERE (vers 21), d.w.s. dat die HERE Hom in die Engel van die HERE openbaar.

In Eksodus 33:2,14-16 belowe die HERE dat Hy ‘n engel voor sy volk sou uitstuur en lê dit uit dat op hierdie manier “die Teenwoordigheid (Nabyheid)” van die HERE met hulle sou saamgaan. Hier is die Engel van die HERE die teenwoordigheid van die HERE met sy volk. Lees Matteus 1:23 en Markus 2:5-7. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat ‘Immanuël’ (God met ons) genoem word en net soos God die Vader sondes vergewe.

(3) Die Engel van die HERE is die Beskermer en Bevryder van die HERE.

In Psalm 34:8 slaan die Engel van die HERE sy laer rondom hulle wat Hom vrees en red Hy hulle. In Psalm 35:5-8 jaag die Engel van die HERE hulle vervolgers weg. Hier is die Engel van die HERE die HERE as Beskermer en Bevryder. Lees Johannes 10:9-10. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat sy skape red en beskerm.

(4) Die Engel van die HERE is die Uitvoerder van straf van die HERE.

In 1 Kronieke 21:15-19,27 het die HERE die Engel van die HERE gestuur om 'n deel van Jerusalem te vernietig as straf vir die sonde van koning Dawid met die volkstelling. Hier is die Engel van die HERE die HERE as Uitvoerder van sy straf. Lees Openbaring 19:11-16. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat die onboetvaardige volke sal oordeel.

(5) Die Engel van die HERE is die Middelaar tussen die HERE en sy dienaars.

In Sagaria 1:8-11 stuur die HERE 'n groep ruiters op perde (sy dienaars) om die hele aarde te deurkruis om dit te inspekteer. Hulle het aan die Engel van die HERE gerapporteer dat die hele aarde rustig en stil is. Hier is die Engel van die HERE die Middelaar tussen die HERE en sy dienaars. Lees 1 Timoteus 2:5. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat die Middelaar tussen God en die mense is.

(6) Die Engel van die HERE is die Voorbidder vir andere by die HERE.

In Sagaria 1:12-13 het die Engel van die HERE die HERE van die leërske (AOV, d.i. die Almagtige) aangespreek en gepleit vir barmhartigheid vir Jerusalem en die dorpe van Juda. Hier is die Engel van die HERE die Voorbidder vir andere by die HERE. Lees Hebreërs 7:25. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat vir altyd leef om vir sy volk te pleit.

(7) Die Engel van die HERE is die Advokaat wat tot die HERE spreek ter verdediging van 'n ander.

In Sagaria 3:1-7 staan die hoëpriester Jesua voor die Engel van die HERE terwyl die satan vir Jesua aankla. In vers 2 verdedig die HERE Jesua en neem sy vuil klere (sy ongeregthede) weg. Hier is die Engel van die HERE die Advokaat wat tot die HERE spreek ter verdediging van 'n ander. Lees 1 Johannes 2:1-2. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus wat die Voorspraak vir Christene by God die Vader is.

(8) Die Engel van die HERE is die Middelaar van die verbond.

In Maleagi 3:1-5 word die HERE van die leermagte 'die Here' (Hebreeus: Adon) genoem as 'n aanduiding van sy majesteit as Koning en Regter en 'die Engel van die verbond' (ANV: Verbondsendel)(Hebreeus: malak he-berit) genoem omdat Hy die Middelaar van die verbond is (vergelyk Hebreërs 8:6). "Hy sal na die tempel van die HERE kom soos vuur van die smelters en soos die seep van die wassers." Hier is die Engel van die HERE die Middelaar van die verbond in die Ou Testament en die Nuwe Testament. In vers 4-5 word die Engel van die HERE met die HERE geïdentifiseer wat sal kom om te reinig of te oordeel. Vergelyk die Engel van die HERE met Jesus Christus, die Middelaar tussen God en mense, wat by sy eerste koms gekom het om Israel en die heidene te reinig en te suiwer (Matteus 3:10-12) en wat by sy wederkoms die Regter van elkeen sal wees (Johannes 5:22).

(9) Gevolgtrekking.

Dit is duidelik dat die Engel van die HERE nie 'n engel is wat geskep is nie. Die Engel van die HERE is in die Ou Testament die sigbare openbaring (verskyning) van die HERE (Hebreeus: JaHWeH) Self. Hy moet met die Here Jesus Christus vóór sy menswording in die Nuwe Testament geïdentifiseer word! Jesus Christus is in die Nuwe Testament die sigbare openbaring van die onsigbare God (Kolossense 1:15). Die verskil is die volgende: In die Ou Testament verskyn God sigbaar in die vorm van 'n mens sonder om die menslike natuur aan te neem (Genesis 18:1-2). In die Nuwe Testament het God die natuur van die mens in Jesus Christus aangeneem (Johannes 1:1,14). Na die eerste koms van Jesus Christus verskyn die Engel van die HERE nie meer nie.

Beide die Engel van die HERE in die Ou-Testamentiese periode en die Here Jesus Christus in die Nuwe-Testamentiese periode is deur die HERE gestuur en het soortgelyke bedienings, naamlik, openbaring, bemiddeling, voorspraak doen, lei, beskerm, verlos en oordeel. Die Engel van die HERE is onderskei van God die Vader en God die Heilige Gees, omdat Hulle nooit die menslike natuur aangeneem het nie (Vergelyk ook Genesis 16:7-14; 22:11-18; 31:11-13).

2. Engele in vergelyking met Jesus Christus.

In Hebreërs se eerste twee hoofstukke word Jesus Christus met engele vergelyk. In Hebreërs 1:1-3 word sewe feite oor Jesus Christus genoem wat aantoon dat Jesus Christus meer (groter) is dan alle engele. Jesus Christus is die hoogste openbaring wat God kan gee! Die vergelykende woord 'beter' word 13 keer in Hebreërs gebruik om Jesus Christus in sy Nuwe-Testamentiese orde te stel teenoor sy Ou-Testamentiese orde.

(1) Die boodskap van Jesus Christus is God se beslissende woord aan mense (Hebreërs 1:1-3)!

Jesus Christus is duidelik die laaste en beslissende Profeet wat die HEERE God in die Ou Testament beloof het! Hy is Die een deur wie God alle volke op die aarde sou seën (Galasiërs 3:14,16). 'n Mens van watter godsdienstige agtergrond ook al wat nie luister na Jesus Christus nie, sal uit God se volk uitgeroei word (Deuteronomium 18:18-19; Handelingen 3:21-26)!

Omdat God geen groter BoodsAPPER as Jesus Christus het nie. (vergelyk Matteus 22:33-44; Lukas 2:34) het God geen verdere (aanvullende of latere) boodskap as die evangelie en die Nuwe-Testamentiese boodskap nie!¹ God het sy beslissende (finale) woord in en deur Jesus Christus gespreek (Hebreërs 1:1-2)!

¹ Mohammed van die Islam en Joseph Smith van die Mormone is dus geen profete wat 'n aanvullende boodskap van die God van die Bybel bring nie! Volgens die Bybel is Mohammed nie "die seël van die profete nie", omdat Jesus Christus lank vóór hom God se laaste (finale) Woord gespreek het (Handelinge 3:22-24; Hebreërs 1:1)!

In Hebreërs 1:1-3 word verder sewe feite met betrekking tot Jesus Christus genoem wat sy grootheid toelig en aantoon dat die openbaring wat aan Hom gegee is, die hoogste openbaring is wat God kan gee!

- Die eerste feit. Jesus Christus is die Erfgenaam van alles (vers 2). “Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting” (Psalm 2:8). Hy is erfgenaam van die heelal wat geskep (Hebreërs 1:10-12), en ook van “die toekomstige wêreld” (Hebreërs 2:5).
- Die tweede feit. Jesus Christus is die Skepper van die wêreld (Grieks: aiónes) (vers 2). Die meervoud dui op alle geschape dinge (materie, energie, ruimte, tyd) (Spreuke 1:22-23; Johannes 1:3; Kolossense 1:16; Hebreërs 11:3).
- Die derde feit. Jesus Christus is die sigbare Afstraling (Grieks: apaugasma) van God se onsigbare heerlike kenmerke (vers 3). Die stralende Lig is van dieselfde Substansie (Grieks: Homo-ousios) as die Bron van die Lig (“Lig uit Lig”).
- Die vierde feit. Jesus Christus is die sigbare Afdruk (eksakte weergawe) (Grieks: charaktér) of Beeld (Grieks: eikón) van God se onsigbare goddelike Wese (Grieks: hupostasis). Wat God in Wese is, word in Christus openbaar. Om te sien Wie Christus is, is om te sien hoe God die Vader is.
- Die vyfde feit. Jesus Christus dra alle dinge deur sy kragtige (skeppende) (Hebreërs 11:3) woord (Grieks: rémati tés dunameós). “Deur Hom bly alles in stand (Hy hou alles wat geskape is bymekaar)(Grieks: sun-histémi) (voltooid teenwoordige tyd)” (Kolossense 1:17). Hy laat nie alleen alles voortbestaan nie (soos Atlas wat die wêreld dra), maar voer ook alle dinge voorwaarts op hul bestemde weg (koers).
- Die sesde feit. Jesus Christus het die reiniging van ons sonde eens en vir altyd tot stand gebring (Grieks: poieó) (aoristus).² Versoening van sondes is iets wat niemand anders (ook geen engel) kon doen of gedoen het nie!
- Die sewende feit. Jesus Christus het eens en vir altyd gaan sit (Grieks: kathizó)(aoristus) aan die regterhand van die Majesteit van God.

Hierdie nadruk op die superioriteit van Jesus Christus oor engele word geleer om te voorkom dat die Joodse Christene deur allerlei vreemde leerstellings mislei sou word (Hebreërs 13:9). Ook die brief aan die Kolossense toon aan dat daar ’n valse leer bestaan het waarin engele aanbid is (Kolossense 2:18).

(2) Die posisie en titel van Jesus Christus is voortrefliker as dié van die engele (Hebreërs 1:4-14).

In Hebreërs 1:4-14 word feite m.b.t. Jesus Christus genoem wat aantoon dat Jesus Christus groter is as alle engele. Jesus Christus is verhoog tot aan die regterhand van God en erf die titel “Seun van God” net soos Hy alle dinge erf (Hebreërs 1:2) deur die ewige raadsbesluit en aanstelling van God die Vader. Die verskillende aanhalings uit die Ou Testament in Hebreërs 1 en 2:

- toon eerstens aan dat die finale boodskap van God (die Nuwe Testament), wat deur Jesus Christus gebring is, deur groter majestueuse sanksies veilig gestel (gewaarborg) word as die sanksies wat die Wet (die Ou Testament) vergesel, wat deur engele gebring is (Hebreërs 2:2). Die Ou Testament is alleen deur engele gekommunikeer, maar die Nuwe Testament is deur God die Seun gekommunikeer!
- En toon tweedens aan dat die nuwe wêreld waaroor die Seun as Middellaar heers die ou wêreld waarin volke aan die beheer van engele toegewys was, ver overtref. Die wêreld van die Nuwe Testament is nie aan engele onderwerp nie (Hebreërs 2:5).

Hierdie nadruk op die superioriteit van Jesus Christus oor engele word gegee om te voorkom dat die Joodse Christene deur allerlei vreemde leerstellings mislei sou word (Hebreërs 13:9).

- Die eerste aanhaling. Psalm 2:7 (Hebreërs 1:5).

In teenstelling tot engele wordt Jesus Christus “die Seun van God” genoem. “Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader” (het Ek jou verwek (Grieks: gennaó) (voltooid teenwoordige tyd).” Hierdie woorde is nooit tot engele uitgespreek nie! Engele word wel kollektief “seuns van God” genoem, maar nooit “die Seun van God” nie! Hierdie woorde kom voor in die liturgie by ’n troonsbestyging in die Midde Ooste, hier by die troonsbestyging van Dawid, maar word pas in die Messias-Koning vervul (Markus 1:11; Lukas 1:32; Handeling 13:33). “Vandag” verwys na die verheerliking van Christus, sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging (Psalm 110:1). Hy is van alle eeuwigheid “die Seun van God”, maar begin sy reg en voorreg uit te oefen vanaf die voltooiing van sy verlossingswerk.

- Die tweede aanhaling. 2 Samuël 7:14 (Hebreërs 1:5).

“Ek sal sy Vader wees en Hy sal my Seun wees.” 1 Kronieke 17:11-14 bewys dat nie na Salomo, maar na die Messias verwys word. Ook Romeine 1:3-4 sê dat Jesus Christus van ewigheid “die Seun van God” is, maar in die menslike geskiedenis wel met ’n swak menslike natuur gebore is, maar uit die dood opgestaan het met ’n verheerlikte menslike natuur. Dus engele word nooit met die titels van Jesus Christus genoem nie.

² Omdat die voltooidde deelwoord in die Latyn ontbreek, word dit vertaal met ’n teenwoordige tyd deelwoord in die Vulgata Bybel as die ekwivalent vir die Griekse deelwoord (“katharismón tón hamartión poiésamenos” het “purgationem peccatorum faciens” geword) (Hebreërs 1:3). Dit het gelei tot die Rooms Katolieke siening dat Christus nou in die hemel nog steeds versoening vir sondes doen. Vandaar die daaglikse viering van die mis in die Rooms Katolieke Kerk! Die aoristus tyd leer dat die sondes éénmaal versoen is tydens die dood van Jesus Christus by sy eerste koms!

- Die derde aanhaling. Deuteronomium 32:43 (Hebreërs 1:6).

In teenstelling tot engele word Jesus Christus aanbid. 'n Langer Griekse teks in Deuteronomium 32:34 sê: “Laat die wat in die hemel is met Hom juig, en laat die seuns van God Hom aanbid. Juig, naties, met sy volk”. Ook Psalm 97:7. ANV: “Al hulle gode moet voor die Here buig). Hebreërs 1:6 “Al die engele van God moet Hom aanbid”. “Vervolgens” (ANV: “en ook”) (Grieks: palin)(vers 5) slaan nie op 'n tweede koms nie, maar op 'n tweede teenstelling met die engele. “Eerstgeborene” verwys na die feit dat Hy vóór die skepping al bestaan het en erfgenaam van die hele skepping is. Die engele word opgeroep om Hom (in plek van God die Vader) te aanbid. “En wanneer God die Eersgeborene in die bewoonde wêreld (Grieks: oikoumené)(ingeslote engele) inbring” slaan op sy verheerliking (vergelyk Johannes 5:23). Toe is Hy geïntroduceer as die Koning van die toekomstige wêreld (die nuwe wêreldorde).

Dus engele aanbid Jesus Christus. Engele was gedurende die Ou-Testamentiese periode geroepe om die HERE (JaHWeH) te aanbid en is in die Nuwe-Testamentiese periode geroepe om Jesus Christus te aanbid. Die engele word geroep om dit te doen vanaf die eerste koms van die Seun van God na die wêreld, d.w.s., by sy verhoging (hemelvaart) en troonsbestyging as die soewereine Heerser oor die bestaande wêreld (Hebreërs 2:5; Efesiërs 1:20-21; 1 Petrus 3:22; Openbaring 5:6-14).

- Die vierde aanhaling. Psalm 104:4 (Hebreërs 1:7).

In teenstelling tot engele wat Christus moet dien en tydelik op die aarde heers, is Jesus Christus God en heers vir ewig. “Hy maak sy engele stormwinde en sy dienaars vuurvlamme.” Die Hebreuse teks sê: “Die winde maak tot sy boodskappers en vuurvlamme tot sy dienaars.” Dus die natuurkragte voer die wil van God uit. Hier word die engele voorgestel as viniger as die wind en kragtiger as vuur in die uitvoering van die wil van God. Alhoewel die engele 'n hoë plek in die goddelike beheer van die heelal het, is hulle ver ondergeskik aan die allerhoogste plek wat aan Jesus Christus gegee is. In die Ou Testament het God die natuurlike elemente soos winde tot sy boodskappers gemaak en die vuur tot sy dienaars (Psalm 104:4), maar in die Nuwe Testament voer die engele die bevel van God met die snelheid van wind en met die krag van vuur uit. Terwyl die engele net maar 'n *dienende funksie* het, word Jesus Christus as ‘*GOD*’ aangespreek! En in teenstelling met die *tydelikheid* van engele duur die heerskappy van Jesus Christus *vir ewig*!

Die vyfde aanhaling. Psalm 45:7-8 (Hebreërs 1:8-9).

In teenstelling tot engele is die heerskappy van Jesus Christus ewig en word Hy aangespreek as ‘Seun van God’ en ‘God’ (Hebreërs 1:8-9). “U troon, o God, staan vir ewig vas. Met u koninklike septer laat U reg geskied. U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote.” Psalm 45 vier die koninklike bruilof. Die eerste deel word aan die koning gerig en die tweede deel aan die koningin. Die aanhaling kom uit die eerste deel. Die koning (uit die huis van Dawid) word toegesprek met tipiese oordrewe taal, kenmerkend in die ooste. Hy is die onderkoning van die God van Israel waardeur God sy plan uitvoer. Maar die profetiese woorde word in die Messias-Koning vervul. Hy word aangespreek as “Seun van God” en “God” omdat Hy die Afstraling van God se heerlikheid en die Afdruk van sy Wese is! Alle geskape dinge, ingeslote engele is aan die verganklikheid van tyd en dinge onderworpe, maar Jesus Christus en sy koninklike heerskappy bestaan tot in ewigheid! Aan sy koninkryk kom geen einde nie! Alleen sy koninkryk word gekenmerk deur volkome geregtigheid (Psalm 89:15; Jesaja 11:5)! “Die salwing” slaan nie soseer op die ontvangs van die Gees by sy doop nie (Markus 1:10; Handelingen 10:38), maar eerder op “die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is” by die uitvoering van sy taak” (Jesaja 61:1-5; Hebreërs 12:2). “U tydgenote” (deelhebbers) (Grieks: metochoi) is nie die konings van die omliggende volke of die engele nie, maar die Christene (“die kinders” of “sy broers”) (Hebreërs 2:10-11; 3:14).

Die sesde aanhaling. Psalm 102:25-27 (Hebreërs 1:10-12).

In teenstelling tot engele bestaan Jesus Christus vir ewig en word Hy aangespreek as ‘HERE’ (Hebreërs 1:10-12). “En verder” slaan op vers 6 en vers 10. “U Here, het in die begin die aarde gevestig, en ook die hemel is die werk van u hande. Die dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word; maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.” Selfs die verskriklike lang periode van die geskape heelal gaan uiteindelik verby, maar Jesus Christus, wat hier as “Here” (Grieks: kurie) aangespreek word, bly vir ewig! Nuwe-Testamentiese skrywers pas Bybelgedeeltes wat op God in die Ou Testament slaan, toe op Jesus Christus in die Nuwe Testament bv. Jesaja 45:23 in Filippense 2:10-11 en Jesaja 8:13 in 1 Petrus 3:15).

Die sewende aanhaling. Psalm 110:1 (Hebreërs 1:13-14).

In teenstelling tot engele sit Jesus Christus op die ereplek aan die regterhand van God (Hebreërs 1:13-14). “Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.” In die Ou Testament het dit op die kroning van Salomo geslaan, maar hier slaan dit op die kroning van Jesus Christus. God beloof die oorwinning oor al sy vyande aan Hom. Die profeet Daniël (7:13) en Jesus Self (Markus 14:62) verwys daarna. Dus die mees verhewe engele mag *staan* in die teenwoordigheid van God (Daniël 7:10; Lukas 1:19; Openbaring 8:2), maar geen enkele engel word ooit uitgenooi om soos Jesus Christus te gaan *sit* op die unieke ereplek aan die regterhand van God nie! Hulle staande posisie is 'n aanduiding dat hulle onmiddellik die bevel uitvoer van Hom wat op die troon sit. Die bediening van engele is veral gerig op 'n bevoorregte groep mense, naamlik Christene (vers 14).³

³ Maar vergelyk Handeling 7:55 – Jesus *staan op om* Stefanus te verwelkom!

(3) Engele het die wet bemiddel, terwyl Jesus Christus die evangelie bemiddel het (Hebreërs 2:1-4).

In Hebreërs 2:1-4 lees ons dat die superioriteit van Jesus Christus bo die engele gebaseer is op die feit dat engele die Ou-Testamentiese seremoniële wet aan die profete gekommunikeer het (Deuteronomium 33:2; Handeling 7:53; Galasiërs 3:19; Hebreërs 2:2), maar dat Jesus Christus die Nuwe-Testamentiese Evangelie gekommunikeer het (Johannes 1:17; Hebreërs 2:3).

Die Ou Testament beskryf die strawwe op oortredings van die Ou-Testamentiese wet. Hoe sou Christene dan ontvlug as hulle so 'n groot verlossing deur Jesus Christus in die Nuwe Testament veronagsaam? God het hierdie bediening bevestig met die tekens, wonders en geestesgawes wat die bediening van Jesus Christus begelei het (Handeling 2:22) en daarna ook die bediening van die apostels begelei het (Handeling 2:43).

(4) Engele het die ou wêreldorde beheer, terwyl Jesus Christus die nuwe wêreldorde bemiddel het (Hebreërs 2:5).

Dit slaan op die Griekse teks van Deuteronomium 32:8 “Het Hy vir hulle grense bepaal, *soveel as wat daar engele is.*” (vergelyk Daniël 10:21; 12:1; Efesiërs 6:12). Die Hebreeuse teks sê, “soveel as wat daar Israeliete is.” Die administratie van die volke was verdeel tussen 'n ooreenkomstige aantal engele magte. Dit het later meer spesifiek geword in die boek Daniël (vergelyk Daniël 10:21; 12:1) en sommige van hulle was vyandige magte (Efesiërs 6:12).

Hoewel engele die beheer van die ou orde van die heelal vóór die eerste koms van Christus uitgevoer het, het Jesus Christus sy heerskappy oor die nuwe wêreldorde of “die komende wêreld” (Grieks: “he oikoumené he mellousa” in Hebreërs 1:6 en “mellón aión” in Hebreërs 6:5) begin vanaf sy verhoging (opstanding, hemelvaart en troonsbestyging) en sal Hy dit voleindig bij sy wederkoms (Handeling 3:21; 1 Korintiërs 15:28). Hierdie nuwe wêreldorde bestaan uit *werklikhede* wat die ou wêreldorde bestaande uit *skaduwees* (Hebreërs 8:5-8,13; 10:1) ver oortref. “God het Hom ook erfgenaam van alles gemaak” (Hebreërs 1:2). “By die onderwerping van alle dinge ... is niks uitgesluit nie” (Hebreërs 2:8)!

(5) Die staat van vernedering en die staat van verhoging van Jesus Christus (Hebreërs 2:6-9).

Hebreërs 2:6-8 sê, “Iemand het êrens getuig en gesê: ‘Wat is die mens dat U aan hom dink, 'n mensekind dat U na hom omsien? U het hom 'n kort tydjie minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon; U het alles aan hom onderwerp. By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie. Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.’”

Die outeur van Hebreërs laat na om die menslike outeur van Psalm 8:4-6 te noem, want hy beskou die hele Ou Testament as geopenbaar deur die Heilige Gees. In die Ou Testament (Griekse vertaling) is Psalm 8:4-6 'n verwysing na Genesis 1:26-27, die skepping van Adam as “’n bietjie minder as God (ANV: ’n hemelse wese)” (Hebreeus: melo-him)⁴. In die Nuwe Testament (Griekse vertaling) is Hebreërs 2:7 “U het hom ’n kort tydjie minder as die engele gemaak” waarskynlik 'n verwysing na Daniël 7:13 (“iemand soos 'n menslike wese”⁵), na die tweede Adam (Jesus Christus), wat die Skepper van die wêreld is (Hebreërs 1:2), die Hoof van die nuwe skepping en Heerser oor die komende wêreld. Wat God in die Ou Testament sê oor die mens (Adam) wat Hy geskep het, word deur die outeur toegepas op die mens (Jesus Christus) wat die Skepper in die Nuwe Testament is.

Volgens Psalm 8 kan ons nie sien of die mens sy God-gegewe gesag en reg as heer en meester van die skepping uitoefen nie. Ons sien nog nie dat alles aan die mens onderwerp is nie (Genesis 1:28; Psalm 8:7). En volgens Hebreërs 2, “Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens (Jesus Christus) onderwerp is nie” (Hebreërs 2:8). Maar ons sien (met die oë van geloof) Jesus, met eer en heerlikheid gekroon. Jesus Christus gaan hierdie belofte aan die mens in die plek van die mens vervul! Jesus Christus is “vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak vanweë sy lyding en dood ... vir almal (Grieks: huper pantos)⁶ (Hebreërs 2:9). Juis deur sy vernedering, lyding en dood is Hy verhoog en met hemelse heerlikheid bekleed (Filippense 2:5-9; Hebreërs 12:2).

Die Strydende Kerk in die Koninkryk van Christus groei! Maar omdat baie ongelowige mense en mense van ander gelowe en demone hulle nog nie aan Jesus Christus onderwerp het nie, wag Jesus Christus ook totdat alle vyande aan Hom onderwerp sal wees (Hebreërs 10:13). Dit beteken dat alhoewel Jesus Christus die regmatige Heerser van alles en almal is, nog nie alles en almal sy heerskappy erken nie!

(6) Die solidariteit van Jesus Christus met sy mense

deur sy lyding in hulle plek en deur sy Hoëpriesterlike bediening vir hulle (Hebreërs 2:10-18).

Wat God vir sy mense gedoen het, toon die hart van God ... (Hy) wou baie laat deel kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur leiding heen tot volmaaktheid sou bring.” Die woorde “volmaak maak” (Grieks: teleioó) beteken “volmaak maak deur sy aardse beperkinge te oorwin en sy bestemde doel te bereik.” “God het deur Christus die wêreld met Homself versoen en die mense hulle oortredinge nie toegereken nie” (2 Korintiërs 5:19).

⁴ Moontlik is dit 'n meervoud en dui dan op “goddelike wesens”, die engele, netsoos in Psalm 82:1b.

⁵ Die woord “Seun van die Mens” beteken vir Christene en seker vir die skrywer van Hebreërs meer as alleen maar die etimologiese betekenis: “mens”.

⁶ Vir “die wat die oorvloed van genade en die vrypraak as gawe ontvang het” (Romeine 5:17).

Jesus Christus is die Leidsman/Pionier (Grieks: archégos) van ons verlossing wat die weg voorberei het sodat ons kon bereik waarvoor ons bestem is. Die mens was steeds verhinder om sy bestemde doel te bereik, maar nou het Christus die weg daartoe geopen. “Volmaak” impliseer nie dat Jesus Christus eers onvolmaak was nie, maar dat die volmaakte Christus die volmaakte Verlosser vir sy mense geword het. Die weg wat sy mense moet bewandel, moes Hy eers as Pionier Self bewandel. Christene wat geheilig word en Christus wat mense heilig is uit één (familie, het hul wese in God): die seuns van God (Christene) word deur die Seun van God (Christus) geheilig. Heiliging is *die begin* van die verheerliking en die heerlikheid is *die voltooiing* van die heiliging. Daarom skaam Christus Hom ook nie om Christene sy “broeders” te noem nie.

Met drie aanhalings uit die Ou Testament word sy solidariteit met sy mense uiteengesit.

- Psalm 22:23.

“Ek sal tot U eer van U Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.” In die verband van Psalm 22 gaan dit oor God wat sy aangesig vir die lydende Messias verberg. Die Messias word in die plek van sy mense deur mense verag, gekruisig en deur God verlaat. Jesus Christus het nie alleen die evangelie van verlossing aan sy broeders in die Gemeente (Hebreeus: qahal; Grieks: ekklésia) verkondig nie, maar ook die verlossing vir hulle aan die kruis verwerf

- Jesaja 8:17.

“Ek vertrou op (verwag, wag op) die HERE wat Hom vir die nageslag van Jakob verberg; op Hom hoop ek.” Toe Jesaja beseef het dat die koning en die volk nie luister na sy verkondiging van die verlossing en oordele van God nie, het hy dit opgeteken in ’n boekrol en verseël en in die hande van sy dissipels gegee om te bewaar sodat wanneer dit in vervulling sou gaan, dit duidelik mag word dat hy die Woord van God in waarheid gespreek het. Hier kan ons al die historiese opkoms sien van “die regverdige oorblyfsel” (die geestelike Israel wat trou aan God gebly het) te midde van “die empiriese (vleeslike) Israel” wat ontrou aan God geword het (vergelyk Jesaja 1:9 en Romeine 9:6). “Die komende Koning en sy oorblyfsel” (in Jesaja) of “die Seun van God en sy broers” (in Hebreërs) is “die Gemeente van die Messias”. Ondertussen wag Jesus Christus soos Jesaja op die tyd dat God wat sy aangesig nog vir sy volk verberg Hom in die gelyk sal stel.

- Jesaja 8:18.

“Hier is ek en die kinders wat die HERE vir my gegee het. (Ons is in Israel lewende getuies van die HERE die Almagtige).” Die mense gee wel geen aandag aan Jesaja se woorde nie, maar solank hy by die mense woon, was hy ’n daaglikse herinnering aan God se boodskap. Jesaja se naam beteken: “Jahweh is verlossing”. Die name van sy seuns: Shear-Jashub beteken “’n oorblyfsel sal terugkeer” (Jesaja 7:3) en Maher-Shalal-Hash-Baz beteken “Snelle roof, vinnige buit” (Jesaja 8:1) druk Jesaja se vertroue in God en sy toekoms uit. Jesaja se woorde mag by ekstensie op Jesus en sy kinders slaan (Johannes 17:6). Jesus Christus verteenwoordig sy volk (sy kinders) by God in die hemel en sy volk verteenwoordig Hom by mense op die aarde.

So het Jesus Christus as Pionier ’n geskikte Verteenwoordiger en Hoëpriester vir sy mense geword. Hy het na die aarde gekom deur geboorte as ’n mens en het die aarde verlaat deur te sterf. Die doel van sy menswording was om te sterf en deur sy dood die dood te oorwin. “Deur sy verskyning is die dood vernietig (afgeskaf) (Grieks: katargeó) (ANV: die mag van die dood gebreek) (2 Timoteüs 1:10; vergelyk 1 Korintiërs 15:26). Deur te sterf het Hy die voormalige heerser van die dood onmagtig gemaak. Jesus Christus hou nou die sleutels van die dood en die doderyk goed vas in sy hand (Openbaring 1:18). Hy het die huis van die sterk man binnegedring, hom vasgebind en sy huisraad geroof (Matteus 12:29). In sy dood het Hy die dood van die dood geword. Dis nie die dood nie, maar die opstanding uit die dode wat die laaste woord gaan spreek! “Deur sy opstanding het Hy die lewe en onverganklikheid (ANV: die onverganklike lewe) aan die lig gebring” (2 Timoteüs 1:10). Vir mense is die ergste vrees die angns vir die dood. Vir ongelowiges bly die dood die straf vir die sonde. Maar vir gelowiges is die dood nie meer ’n veroordeling nie, maar ’n seën, nie meer ’n slawerny nie, maar ’n bevryding. Die dood van Christene kry die karakter van die dood van Jesus Christus (Lukas 23:46). Die *gees* van die Christen vaar onmiddelik op na Jesus Christus in die hemel (Lukas 23:43; Filippense 1:23), maar sy *liggaam* bly tydelik in die graf tot die opstanding van die liggaam uit die dood. Die dood kan Christene nie meer skei van die liefde van God vir hulle nie (Romeine 8:37-39). Daarom kan die duiwel of ander bose magte die dood nie meer gebruik as ’n middel om Christene te intimideer nie.

Toe Jesus Christus Mens geword het, het Hy die engele gepasseer en het hy Homself verneder tot die laagste plek, naamlik, tot die dood aan die kruis (Filippense 2:5-8) nie om engele, maar om mense te red (Hebreërs 2:16)! “Hy moes in elke opsig aan sy broers (die Christene) gelyk word, sodat Hy ’n barmhartige en getroue Hoëpriester vir God kon wees, om die sondes van die volk te versoen.” Wat die Ou-Testamentiese rituele alleen as ’n teken kon doen, het Jesus Christus op ’n baie effektiewe wyse gedoen.

3. Engele in die lewe van Jesus Christus.

(1) Engele het die koms van Jesus Christus aangekondig.

In 539 v.C. het die engel Gabriël die koms van Jesus Christus aan Daniël aangekondig (Daniël 9:21-27). Later het Gabriël die koms van die voorloper van Jesus Christus, Johannes die Doper, aangekondig (Lukas 1:5-25). En daarna het hy die geboorte van Jesus Christus en sy menslike en goddelike natuur, aan Maria aangekondig (Lukas 1:26-38). Bietjie later het ’n engel ook aan Josef verskyn en die maagdelike geboorte van Jesus Christus aangekondig (Matteus 1:18-25).

(2) Engele tydens die menswording van Jesus Christus.

Toe Jesus Christus gebore is, het 'n engel sy geboorte aan herders aangekondig en het daar 'n menigte van die hemelse leërmag (engele) verskyn en God geloof (Lukas 2:8-15). Later het 'n engel aan Josef in 'n droom verskyn en hom beveel om met Maria en die kind Jesus na Egipte te vlug, omdat koning Herodus van plan was om Hom te vermoor (Matteus 2:13-18). Na die dood van koning Herodus het 'n engel wéér aan Josef in 'n droom verskyn en hom beveel om terug te keer na die land van Israel (Matteus 2:19-23).

Toe Jesus Christus sy openbare bediening begin het en deur die satan versoek is, het engele gekom om Hom te dien (Matteus 4:11). Drie jaar later, in die nag voor sy kruisiging, toe Jesus Christus in Getsemane gebid het, het 'n engel gekom om Hom te versterk (Lukas 22:43-44). Toe 'n klomp manne gewapen met swaarde en stokke gekom het om Jesus Christus te arresteer, het Jesus Christus vir sy apostels gesê dat God die Vader meer as twaalf legioene engele aan Hom beskikbaar kon stel, maar Hy het gekies om dit nie te doen nie, sodat dit wat die profete geskryf (voorspel) het, vervul sou word (Matteus 26:52-56).

(3) Engele tydens die verheerliking van Jesus Christus.

Engele was teenwoordig by die opstanding van Jesus Christus uit die dood (Matteus 28:1-7, Markus 16:1-8; Lukas 24:1-8; Johannes 20:10-13). 'n Engel het die swaar klip voor die mond van die graf weggerol, nie om Jesus Christus daar te laat uitkom nie, maar om die vrouens binne te laat kom sodat hulle kon sien dat Jesus Christus werklik opgestaan het. Die voorkoms van hierdie engel was ontsagwekkend sodat die wagte by die graf van angs gebewe het en hulle soos dooies geword het (Matteus 28:4). Minstens twee engele het rondgelopen by die graf toe die vrouens gekom het om die liggaam van Jesus Christus te balsem. Hulle het aan die vrouens gesê: "Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar Hy is opgewek" (Lukas 24:5-6)!

Veertig dae later, by sy hemelvaart, het daar twee engele by die dissipels gestaan en die wederkoms van Jesus Christus aangekondig (Handelinge 1:10-11). Openbaring 5:1-14 beskryf die troonsbestyging van Jesus Christus in die hemel direk na sy hemelvaart. Nét Jesus Christus was waardig om die seëls van die boekrol wat aan beide kante beskryf was te breek, omdat net Hý as die Offerlam aan die kruis gesterf het en omdat net Hý oor die dood getriomfeer het deur sy opstanding! Alleen Jesus Christus mag en kan openbaar en uitvoer wat daar in die boekrol oor God se heilsgeskiedenis en oordeel geskryf staan. By sy troonsbestyging het die vier lewende wesens gestaan en 'n ontelbare aantal engele rondom die troon van God en die Lam en het 'n loflied tot sy eer gesing: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang" (Openbaring 5:12)! En elke skepsel op aarde het by hierdie lofprysing aangesluit.

In 1 Petrus 3:22 en Efesiërs 1:21 lees ons dat Jesus Christus nou aan die regterhand van God sit, terwyl die engele, magte en kragte aan Hom onderworpe is. In Efesiërs 1:22 en Hebreërs 2:5 lees ons dat die wêreld van nou af nie meer aan die engele onderworpe is nie, maar dat God alle dinge onder die voete van Jesus Christus onderwerp het en Jesus Christus as Hoof oor alle dinge aan die Gemeente gegee het.

(4) Engele tydens die wederkoms van Jesus Christus.

In Matteus 24:30-31 en 25:31-32 lees ons dat alle volke Jesus Christus by sy wederkoms met krag en majesteit op die wolke sal sien kom. Jesus Christus sal sy engele uitstuur met 'n groot trompet wat weerklink en hulle sal alle uitverkorenes van Jesus Christus van oral op die aarde af bymekaarbring en die ongelowiges van die gelowiges skei tydens die laaste oordeel. In Matteus 13:24-43 en 2 Tessalonisense 1:7-10 lees ons dat Jesus Christus sy engele sal uitstuur om alle struikelblokke en hulle wat die wetteloosheid doen uit sy Koninkryk te verwyder (as onkruid sal uittrek). Engele sal teenwoordig wees wanneer Jesus Christus hulle as straf die ewige verderf laat ondergaan, weg van sy heerlike teenwoordigheid. Die engele sal teenwoordig wees wanneer Jesus Christus mense sal bely wat Hóm voor die mense op die aarde bely het en mense sal verloën wat Hóm voor die mense op die aarde verloën het (Lukas 12:8-9). En die engele sal teenwoordig wees wanneer Jesus Christus elke mens sal vergeld volgens sy dade (Matteus 16:27).

C. ENGELE EN CHRISTENE

1. Engele hou wag oor Christene.

Engele is baie geïnteresseerd in God se werk d.m.v. die Christelike Kerk/Gemeente. Die Kerk/Gemeente bestaan nooit nét vir haarself nie, maar vir God en God se heerlikheid! God het sy veelkleurige wysheid aan mense bekend gemaak deur Jesus Christus en sy apostels (Hebreërs 1:1-2; 1 Petrus 1:10-12a), maar aan engele het Hy dit bekend gemaak deur die Christelike Kerk/Gemeente (Efesiërs 3:10; 1 Petrus 1:12b). Die Kerk/Gemeente is 'n spieël waarin die veelkleurige uitnemendhede van God weerspieël word. Die engele sien dit en is baie geïnteresseerd in die vooruitgang van die Kerk/Gemeente. God se wysheid versoen wat op die aarde onder die mense onversoenbaar blyk te wees: God produseer lewe d.m.v. die dood van Jesus Christus! En God versoen gelowiges uit die Jode én uit die nie-Jode (heidene) deur die Gees van Jesus Christus.

Engele sien en verheug hulle wanneer mense uit die wêreld en uit enige ander godsdiens hulle bekeer (Lukas 15:10). Engele let voortdurend op of Christene wel die Christelike lewe uitleef volgens die Bybelse instruksies en of Christene God op 'n onverdeelde wyse dien (1 Timoteus 5:21). Die engele sien ook wanneer en hoe Christene vir hulle geloof in Jesus Christus vervolgd word (1 Korintiërs 4:9). Tog het God sy engele verbied om as 'n bevrydingsleër (met wêreldse

wapens) op te tree (vergelyk Matteus 26:52-53), omdat die oomblik vir die finale en definitiewe oorwinning oor die magte van die duisternis nog nie aangebreek het nie. God het Christene ook verbied om 'heilige oorloë' te ontken!

Engele was aanwesig toe God die vrou uit die man geskep het en het voortdurend op om te sien of vrouens God se skeppingsordening handhaaf of nie (1 Korintiërs 11:10). God se skeppingsordening is dat Christen vroue moet erken dat hulle vir die man en vir die heerlikheid van die man geskep is en dat hulle daarom moet erken dat God die man as hoof van die vrou gemaak het (Genesis 2:18; 1 Korintiërs 11:2,7,9). Dit beteken dat vroue hulle moet onderwerp aan hulle mans in die christelike huwelik (Efesiërs 5:22-25; Kolossense 3:18-19) en in die funksies in die christelike gemeente (1 Korintiërs 14:33-38; 1 Timoteus 2:11-14; 3:2). Omdat vroue weet dat die engele van God voortdurend op hulle gedrag let, sou dit vir vroue makliker moet wees om hulle aan hulle eie man in die huwelik te onderwerp en aan die ouderlinge (as manne) in die gemeente te onderwerp.

2. Engele verskyn aan Christene en praat met hulle.

Die engel Gabriël het visioene aan Daniël uitgelê (Daniël 8:15-19; 9:20-23). Dieselfde engel het die geboorte en goddelike natuur van Jesus Christus aan Maria aangekondig (Lukas 1:26-38). 'n Engel het Josef gewaarsku oor die aanstaande gevaar en om beveel om onmiddellik te vlug (Matteus 2:13-19). 'n Engel het die apostels beveel om al die woorde van hierdie (ewige) lewe openlik tot die volk te spreek (Handelinge 5:17-20). 'n Engel het die evangelis Filippus beveel wat hy moes doen sodat 'n Etiopiese regeringsampptenaar die evangelie sou hoor (Handelinge 8:26). Soms spoor engele die Christene aan om onmiddelik op te tree: "Staan gou op", want verlore tyd keer nie weer terug nie (Handelinge 12:7).

3. Engele bevorder die verkondiging van die evangelie.

Engele verkondig nie self die evangelie nie, maar God gebruik engele wel om die verkondiging van die evangelie deur Christene moontlik te maak. 'n Engel het die apostels beveel om die evangelie openlik in die Joodse tempel te verkondig (Handelinge 5:17-20). 'n Engel het die evangelis Filippus beveel waarheen hy moes gaan om die evangelie te vertel aan 'n regeringsampptenaar (Handelinge 8:26). 'n Engel het die militêre offisier Kornelius na die apostel Petrus gestuur sodat hy en sy familie en vriende die evangelie kon hoor (Handelinge 10:1-8,22,30-33). 'n Engel het Petrus verlos uit die gevangenis sodat hierdie groot apostel die evangelie oral kon verkondig (Handelinge 12:5-11). 'n Engel het aan Paulus verskyn om hom te beskerm tydens 'n skipbreuk sodat hy voor die magtigste heerser op die aarde in daardie tyd, die keiser van Rome, kon teregstaan (en waarskynlik van Jesus Christus kon getuig) (Handelinge 27:22-25).

4. Engele tree op ter wille van Christene.

(1) Die Engel van die HERE oordeel koning Dawid.

Die Engel van die HERE het koning Dawid gestraf omdat Hy ongehoorsaam was aan God. Dit het geëindig toe Dawid vir die HERE 'n altaar gebou het en brandoffers en dankoffers gebring het (1 Kronieke 21:14-30; vergelyk 1 Johannes 1:9).

(2) Engele beskerm God se volk.

Engele trek 'n laer rondom God se volk en verlos mense wat Hom vrees (in Hom glo) en op sy weë let (Psalm 34:7; 91:1,11-12). God se engele het as ruiters op perde en strydwagens van vuur rondom die profeet Elisa verskyn en sy dienaar beskerm (verdedig) teen 'n hele leër van vyandige soldate wat gekom het om die profeet gevange te neem (2 Konings 6:14-17).

Toe die drie vriende van Daniël, t.w.v. hulle geloof in die lewende God, vasgebind in 'n brandende oond gegooi is, het 'n engel by hulle in die brandende oond kom staan om hulle teen die vlamme te beskerm. "Toe die goewerners-generaal, die goewerners, die administrateurs en die raadgewers van die koning nader gekom het, het hulle gesien dat die vuur hul liggame niks gedoen het nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie (Daniël 3:27). Later is Daniël ook t.w.v. sy vertrou in God vervolg en in 'n leeu kuil met hongerige leeu's gegooi. Maar 'n engel het in die leeu kuil gekom en die bekke van die leeu's gesluit, sodat hulle Daniël niks kon aandoen nie (Daniël 6:23).

M.b.t. kinders wat na Jesus Christus toe gebring is, het Jesus gesê: "Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurig deur by My hemelse Vader is" (Matteus 18:10). Jesus het sy dissipels gewaarsku om nie kinders (en mense wat dieselfde posisie as kinders het) as onbelangrik te beskou nie. God ag hulle so hoog dat Hy sy mees bevoorregte engele aanstel om oor hulle toesig te hou. De uitdrukking: 'hulle engele gedurig deur by My hemelse Vader is' is nie beperk tot 'n bepaalde klas engele nie, maar geld vir alle engele. En die woorde 'hulle engele' is nie beperk tot die engele van kinders nie, maar sluit ook engele in van mense wat soos klein kinders word, d.w.s., engele van ware Christene. Hierdie vers leer nie dat elke individu sy eie beskermengel het nie, maar wel dat alle engele saam waghou oor alle Christene in die wêreld! Hierdie engele is ook nie bemiddelaars tussen mense en God nie en doen ook geen voorspraak vir mense by God nie (1 Timoteüs 2:5). Engele sorg net vir Christene en is baie geïnteresseerd in die verlossing en vooruitgang van Christene (1 Petrus 1:12).

Tydens die verdrukking van Christene tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms, sit engele die seël van die lewende God op die voorkoppe van die dienaars van God, d.w.s., op alle Christene (Openbaring 7:1-4; zie 22:3). Dit is

'n simboliese teken dat God hulle van kwaad en skade **beskerm**, waarskynlik sodat hulle vir God kan lewe en Hom kan dien en nie sal val onder die teenwoordige oordele van God op die aarde nie (vergelyk Esegïel 9:3-6; Openbaring 9:4).

(3) Engele red God se volk.

'n Engel het die apostels uit die gevangenis bevry om te sorg dat die verkondiging van die evangelie onverhinderd kon voortgaan (Handelinge 5:17-20). 'n Engel het die apostel Petrus uit die gevangenis bevry deur sy boeie om sy hande te laat afval, die gevangenis se deure oop te maak en die oë van die bewaarders te sluit, sodat Petrus voort kon gaan om die evangelie te verkondig (Handelinge 12:5-11)!

(4) Engele voorsien in die basiese behoeftes van God se volk.

Die Engel van die HERE het gesorg dat die vermoeide, hongerige en ontmoedigde profeet Elia voedsel en water kry. Hy het hom aangeraak en hom versterk sodat hy 'n baie ver en moeilike reis kon aflê (1 Konings 19:1-19).

(5) Engele lei God se volk.

'n Engel het die reis van Abraham se dienaar gelei en hom gehelp om 'n geskikte vrou vir Abraham se seun Isak te vind (Genesis 24:7,40).

(5) Engele versterk God se volk te midde van hulle beproewings.

'n Engel het Jesus Christus versterk tydens sy gebed in die nag voordat Hy gekruisig is (Lukas 22:40-44). 'n Engel het Paulus bemoedig toe hy in 'n verskriklike storm op see was en die skip op 'n eiland gestrand het (Handelinge 27:21-26). Engele is aanwesig **wanneer** 'n Christen sterf! Hulle dra die gelowige se gees na die direkte teenwoordigheid van God toe (Lukas 16:22; Filippense 1:23).

(7) Engele stry ter wille van God se volk.

Die engele van God stry teen die engele van die satan (Daniël 10:12-14,20-21). Hoewel die aardse wêreldryke van Persië en Griekeland tydens die ballingskap groot mag oor God se volk gehad het, is hulle ooreenstemmende demoniese vorste deur die vors van God se volk, Migaël, verslaan. Die God van die Bybel is volledig in beheer van mense en gebeurtenisse op die aarde en het al van te vore aangekondig dat God se volk sal oorwin (Daniël 10:12-14,20-21; Romeine 8:37-39; Openbaring 17:14).

D. ENGELE EN NIE-CHRISTENE

Engele is deur die hele geskiedenis betrokke by God se beheer van die bestaande wêreld. Hulle voer God se versorgende voorsienigheid aan Christene en nie-Christene uit (vergelyk Handelinge 14:17). Hulle is God se instrumente om gelowiges te red. Hulle is ook God se instrumente om God se oordele oor die goddelose en onregverdige volke en ongehoorsame mense uit te voer. Aan die einde van die wêreldgeskiedenis, by die wederkoms van Jesus Christus, sal die engele God se finale (laaste) oordeel uitvoer oor mense wat sy liefde en verlossing in Jesus Christus verwerp het.

1. Die Engel van die HERE het 'n hele leër vyandige soldate vernietig.

Die Engel van die HERE het 185 000 soldate van die magtige Assiriese leër in één nag doodgemaak, omdat hulle bevelvoerder die lewende God geminag het (2 Konings 19:9-19).

2. 'n Engel het die satan geoordeel deur hom te bind.

In die vorm van 'n apokaliptiese beeld, het net één engel die satan (die draak) gebind! Hy het die satan tot magteloosheid gereduseer sodat hy die verkondiging van die evangelie in geen enkele land meer kon verhinder nie (Openbaring 20:1-3). Dit is 'n *apokaliptiese beeld van Jesus Christus* wat die satan by sy eerste koms 2000 jaar gelede gebind het (Matteus 12:29-30; 24:14; Johannes 12:31-32; Openbaring 12:7-9)!

3. 'n Engel van die Here het 'n arrogante politieke leier geoordeel.

Koning Herodus het die werk van Christene weerstaan deur God se dienaars te vermoor (Handelinge 12:1-2) of hulle in die gevangenis te gooi (Handelinge 12:3-18). Hy het ook toegelaat dat die skare hom verhef het tot 'n god! 'n Engel van die Here het hom onmiddellik getref, omdat hy nie aan God die eer gegee nie, en hy is lewend deur wurms geëet totdat hy gesterf het (Handelinge 12:19-24). Dit is 'n ernstige waarskuwing vir alle politieke en godsdienstige leiers wat die Christene vervolg en hulleself verhef het tot groot politieke of godsdienstige leiers in hulle lande.

4. 'n Engel oordeel die goddeloosheid op die teenwoordige aarde.

'n Engel het simbolies die onvolmaakte gebede van Christene gemeng met die volmaakte gebede van Jesus Christus. Wanneer die onvolmaakte gebede van Christene voor God se troon opstyg, word hulle volkome aanvaarbaar en volmaak gemaak deur Jesus Christus en sy volmaakte gebede vir Christene. In antwoord op die gebede van die Christene wat betrokke is in die geestelike stryd en die lyding op die aarde gooi God simbolies deur middel van engele vuur op die aarde, wat gepaard gaan met stemme (gerammel), donderslae, bliksemstrale en 'n aardbewing.

Die boodskap van die bliksemsstrale, gerammel en donderslae is dat 'n unieke historiese gebeurtenis op die punt staan om te gebeur (bv. Die visioen van God op sy troon in die sentrum van alles, Openbaring 4:5, gaan die eerste koms en

troonsbestyging van Christus vooraf, Openbaring 5:1-14). So ook gaan die gebede van Christene die teenwoordige oordele van God op die aarde vooraf (Openbaring 8:3-5).

5. Engele voer God se waarskuwende oordele in die geskiedenis uit.

Engele voer *God se teenswoordige waarskuwende oordele* deur die hele wêreldgeskiedenis heen uit. Hulle oordele het 'n effek op groot dele van die aarde, die oseane, die riviere en die sterreheem d.m.v. natuurrampe (Openbaring 7:1; 8:6-13; vergelyk Esegïel 14:21), het effek op die geeste (siele) van mense deur demoniese aktiwiteite (Openbaring 9:1-12) en het 'n effek op die fisiese, sosiale, en ekonomiese welvaart van mense deur die verskriklike oorloë tussen volke (Openbaring 9:13-19). Jesus Christus het geopenbaar dat al hierdie teenswoordige oordele waarskuwings is vir die komende laaste oordeel en tegelyk oordele is wat mense op die aarde oproep om hulle nou te bekeer van hulle aanhoudende oortredings teen Jesus Christus en teen sy Tien Gebooie (Openbaring 9:20-21; vergelyk Eksodus 20:1-17).

6. Engele voer God se finale oordele aan die einde van die geskiedenis uit.

Engele sal ook *God se toekomstige finale oordeel* aan die einde van die geskiedenis uitvoer (Openbaring 9:15,18; 15:1; 16:1-21; 19:17-18). By die wederkoms van Jesus Christus, sal die engele eers al God se uitverkorenes bymekaar maak, nl. alle Christene, om die Here Jesus Christus te verwelkom in die lug en om Hom te bewonder (Matteus 3:12a; 24:40a,41a; 1 Tessalonisense 4:13-17; 2 Tessalonisense 1:10).

Later op dieselfde laaste dag (Matteus 25:31-33; Johannes 5:28-29; Handeling 24:15) sal engele die nie-Christene, ongelowiges, goddelose en onregverdige mense voor die troon van Christus in die lug versamel (Matteus 3:12b; 13:25,30,41,48; 24:40b,41b; 25:31-32). Die Christene word nie veroordeel (verdoem) nie (Johannes 5:24; 10:28; Romeine 8:1), maar hulle werke word wel geoordeel (Matteus 25:34-40; 1 Korintiërs 15:12-15). Maar die nie-Christene, ongelowige en slegte mense word wel veroordeel (verdoem). Hulle en al hulle werke sal in die vuur van die hel gewerp word, wat die plek vir die duiwel en sy bese engele bestem is. Daar sal vir ewig 'n geween en gekners van tande wees (2 Tessalonisense 1:6-9; Matteus 3:12b; 13:36-43; 25:41-46; Openbaring 20:11-15).